

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING, TAAKSTELLING, METODE VAN BENADERING EN TERREINVERKENNING

1. INLEIDEND

"En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom" (Mark. 16:15). Hierin ontvang die Christen-gelowige die groot taak om die evangelie uit te dra. Dit is egter nie slegs 'n taak nie, maar 'n besliste opdrag. Nog meer: ". . .wee my as ek die evangelie nie verkondig nie" (I Kor. 9:16).

Die evangelieopdrag gaan egter nog verder. Die gelowige moet nie maar net die evangelie verkondig nie, maar: "Gaan heen en maak dissipels van al die nasies . . ." (Matt. 28:19). Die verkondiging van die evangelie moet dus daartoe lei dat die toehoorders volgelinge van Jesus sal word, en dit is 'n veel omvattender opdrag.

'n Belangrike deel van hierdie "ganse mensdom" is die kinders. Ook aan hulle moet die evangelie verkondig word en ook van hulle moet volgelinge gemaak word.

Dit is dus duidelik dat die onderwyser in Godsdiensonderrig 'n godgegewe opdrag het wat hy met die uiterste erns moet aanpak ^{en} ~~moet~~ ^{moet} ~~word~~

en nie anders mag as om sy heel beste te lewer nie. Daarom ook verdien elke aspek van Godsdiensonderrig, hoe onbelangrik dit ookal mag lyk, 'n diepgaande en omvattende studie.

Die opdrag om te verkondig is duidelik en het geen verdere bespreking nodig nie. Die inhoud wat oorgedra moet word, is breedvoerig in die bladsye van die Bybel uiteengesit. Hoe die opdrag uitgevoer moet word, is egter nie voorgeskryf nie, en ook om 'n baie goeie rede. Metodes van oordrag moet voortdurend by veranderde toestande aangepas word en kan dus nie soos die evangelie tydloosgeldend wees nie.

Dit is dus die taak van die opvoeder om voortdurend op sy hoede te wees wanneer ingrypende veranderinge plaasvind en om altyd op soek te wees na die beste metodes van oordrag in die heersende situasie van 'n bepaalde groep kinders in 'n bepaalde land en volk.

Gelukkig bestaan daar vandag 'n neiging om alles te ondersoek, ontleed en na waarde te skat. Ook Godsdiensoonderrig en alles wat daarmee in verband staan, is hierby nie uitgesluit nie. Die toestand van die wêreld, die plek van godsdiens daarin en die milieu van die kind het vandag in soveel opsigte radikaal verander dat alle aspekte van Godsdiensoonderrig wel nuwe ondersoeke regverdig.

Daar bestaan vandag veel beter kennis van die kind wat bereik moet word. Daar is 'n beter begrip van onderwysmetodes, en onderwysersopleiding het meer intensief geword, terwyl talle nuwe hulp- en leermiddels beskikbaar is. Die mens beskik vandag ook oor veel beter kennis van die Skrif self terwyl die agtergrondskennis van die Skrif geweldig uitgebrei het. Daar kan dus met reg verwag word dat die metode van aanbidding in Godsdiensoonderrig vandag veel anders en veel beter sal wees en dat die evangelie in die skool met veel groter sukses verkondig sal word.

2. PROBLEEMSTELLING EN TAAKSTELLING

Hoewel dit moontlik is dat die bring van die evangelieboodskap by sekere onderwysers nie 'n saak van erns is nie, moet aanvaar word dat die bedoeling van die oorgrote meerderheid onderwysers goed is. Oor die positiewe gesindheid van die meerderheid van die leerlinge kan seker ook nie getwyfel word nie. Tog word gevind dat nieteenstaande die beter kennis, toerusting en metodes die goedbedoelde boodskap deur die onderwyser die positiefgesinde kind dikwels nie bereik nie.

Die posisie is dan dikwels dat die onderwyser die boodskap probeer bring en dat die leerlinge dit wil ontvang, maar "tussen die hand en die mond val die pap op die grond". Dit blyk dus dat hier 'n probleem van oordrag en ontvangs, of suiwerder gestel, 'n probleem van kommunikasie bestaan.

Die probleem en die oplossing daarvan skyn eenvoudig te wees. Die probleem is dat die kommunikasie tussen die onderwyser en die leerlinge nie na wense is nie, en die oplossing is dat die kommunikasie verbeter moet word.

Die probleem is wel eenvoudig. Dat die oplossing daarvan egter nie so eenvoudig is nie, blyk onder andere daaruit dat kommunikasie vandag in bykans elke gebied van die lewe 'n probleem geword het (Muller, 1972, p. 83). Sedert die 18de eeu is daar 'n algemene verswakking in die eenheid van die mensdom en ook 'n verswakking van kommunikasie op alle terreine. Die antwoord op die probleem van die ineenstorting van kommunikasie moet dus diepgaande en veelvoudig wees (Kraemer, 1956, p. 106).

Soos die mens dikwels eers die waarde van gesondheid besef wanneer hy siek is, so besef die mens wat vandag in 'n tydperk van swak kommunikasie leef eers werklik die waarde daarvan. Dat kommunikasie vandag byna oral swak is, word besef en daar word doelgerig gesoek na metodes om dit te verbeter. Die vraag na die oorsaak van swak kommunikasie word oral gevra (Kaplan, 1969, p. 103).

Die probleem van kommunikasie is in die Godsdienste besonder duidelik. Waar geloof in die ou dae algemeen was en dit byna onmoontlik was om 'n ateïs te wees, is dit in die hedendaagse wetenskaplike pragmatistiese wêreld byna onmoontlik om 'n gelowige te wees (Aranguran, 1967, pp. 86-87). Die instansies wat tradisioneel die godsdienstige inhoud oordra, nl. die huis, die kerk en die skool het plotseling gevind dat hulle boodskap nie meer land nie.

As gevolg van verskeie faktore verwaarloos die ouer vandag sy Christelike plig en bereik die evangelie langs hierdie weg die kind minder as vroeër. Hierdie probleem val egter nie op die terrein van hierdie studie nie.

Die kerk bring die evangelie onder andere deur die eredienste, die kategetiese, kinder- en jeugverenigings, maar vind in 'n toenemende mate 'n koel ontvangs. In die verlede was die kerk die dominante sosiale struktuur, maar vandag is dit in 'n groot mate nie meer so nie. Die kerk funksioneer in 'n gesekulariseerde en gedisintegreerde gemeenskap en moet hierby aanpas (Kraemer, 1956, p. 113). Die kerk het wel aanpassings gemaak, maar sy struktuur, metodes en atmosfeer het wesenlik dieselfde gebly. In die Evanston verslag oor evangelisasie word beweer dat die kerk

evangelisties impotent geword het (Kraemer, 1956, p. 12). Die probleem van die kommunikasie van die evangelie binne die kerk is nou verwant aan die probleem in die skool, maar val buite die veld van hierdie studie.

Waar die ouer soms sy plig versuim en die kerk nie alle leerlinge kan bereik nie, is die skool die enigste plek waar kommunikasie tussen die evangelie en byna alle leerlinge kan plaasvind. Alle blanke leerlinge in Suid-Afrika besoek die skool en in elke skool word Godsdiensonderrig as 'n vak aangebied. Alle leerlinge is egter nie verplig om Godsdiensonderrig te neem nie, want ouers kan skriftelik aansoek om vrystelling daarvan vir hulle kinders doen. Navraag by 'n aantal skoolhoofde het getoon dat, behalwe in die geval van kinders van Joodse afkoms, weinig ouers om vrystelling aansoek doen.

In die feit dat die evangelie baie leerlinge in die skool nie bereik nie en talle Jesus eers later in hul lewens "ontdek", lê moontlik 'n aanklag teen diegene wat met Godsdiensonderrig gemeed is.

Die vraag is dan waarom die kind nie deur die bestaande en goed ontwikkelde kanale in die skool bereik word nie en waarom hy nie tot ware kommunikasie met die evangelie gebring word nie. Hier moet daarop gewys word dat die bedoeling met hierdie vraag nie is om op die terrein van die werking van die Heilige Gees te oortree nie. Niemand kan tot God kom, anders as deur sy geheimenisvolle werking nie. Ons weet egter dat Hy mense as instrumente gebruik om sy wil te doen en daarom kan die vraag met reg gestel word.

Die probleem van die kommunikasie tussen die onderwyser en die leerlinge in die oordrag en ontvangs van die ewangelië, is die terrein van hierdie studie. Die doel van die ondersoek is om die rol van kommunikasie in elke faset van die Godsdiensoonderrig= gebeure te ontleed en die plek en waarde daarvan te bepaal. Die taak is dan om vas te stel waar dinge vandag verkeerd gaan en om metodes te probeer vind om die probleme uit te skakel.

3. METODE VAN BENADERING

Die doel van hierdie studie is nie om op empiriese of ander wyse te bewys dat daar 'n probleem van kommunikasie in Godsdiensoonderrig bestaan nie. Hier moet bepaal word presies wat kommunikasie is, hoe dit in die Godsdiensoonderrig na vore kom, watter probleme dit in Godsdiensoonderrig lewer en hoe hierdie probleme moontlik opgelos kan word.

Die probleem val in 'n aantal verwante onderwerpe uiteen, nl.:

- * Die aard en wese van kommunikasie.
- * Die hedendaagse kind in die huidige wêreld.
- * Die plek, doel en aard van kommunikasie in Godsdiensoonderrig.
- * Die inhoud van kommunikasie in Godsdiensoonderrig.
- * Die onderwyser as kommunikator tydens die Godsdiensoonderrig= gebeure.
- * Sinvolle kommunikasie in Godsdiensoonderrig.

Elk van bogenoemde onderwerpe moet ontleed word om te sien watter lig dit op die wyse waarop die kind benader behoort te word, werp en dit moet duidelik aangetoon word waar die kind

tans verkeerd benader word. Die ondersoek sal om die begrip kommunikasie sentreer en sal hoofsaaklik op bronnestudie aangewys wees.

'n Ondersoek van hierdie aard moet noodwendig lewensbeskoulik geklee wees. Hier word van die Christelike (i.c. Calvinistiese) standpunt uitgegaan en by die ondersoek van elke aspek sal baie aandag aan die lig wat die Skrif daarop werp, gegee moet word.

4. TERREINVERKENNING

Vandag word oral met die probleem van kommunikasie geworstel en duik die begrip tydig en ontydig op. Dit sal dus eerstens nodig wees om presies te bepaal wat met die begrip kommunikasie in hierdie studie bedoel word.

By die ontleding van die begrip "kommunikasie" moet noodwendig aandag aan die wese, die aard en die doel van kommunikasie gegee word. Die kommunikasiegebeure moet stap vir stap ontleed word. Daar moet gekyk word na die mediums van kommunikasie, die omstandighede waaronder dit plaasvind of moontlik is en na mense wat onderling kommunikeer (Kaplan, 1969, pp. 90-91). Die taak is om sekere benaderingswyses en beskouings in verband met kommunikasie te ondersoek, te identifiseer en te evalueer om te sien wat werklik relevant is, en om hierdie benaderingswyses met die oog op doeltreffender kommunikasie in Godsdiensoonderrig te oorweeg (Prime, 1969, p. 2).

'n Belangrike aspek van die ondersoek na die wese van kommunikasie is die lig wat die Skrif daarop werp. Die Skrif wy nie oor allerlei nietige sake uit nie, maar waar kommunikasie 'n

baie belangrike aangeleentheid is, behoort daar in die Skrif aanduidings van die wese en aard daarvan gevind te kan word.

In die kommunikasiegebeure kan 'n aantal samestellende dele onderskei word. Hoewel hierdie dele tydens die kommunikasiegebeure nie geskei kan word nie, kan elk afsonderlik bestudeer word. In 'n studie van kommunikasie in Godsdiensonderrig moet dan agtereenvolgens aan die onderwyser as kommunikator, die boodskap of inhoud, die kind as ontvanger, die media of metode van oordrag en die reaksie aandag gegee word.

Eerstens sal aandag aan die onderwyser as die kommunikator in Godsdiensonderrig gegee word. In die kommunikasiegebeure moet hy die leiding neem. Die vereistes waaraan hy moet voldoen om waarlik die leier-kommunikator te wees, moet bepaal word, en daar moet vasgestel word of sy opleiding hom hiertoe toerus.

Vervolgens moet aandag aan die inhoud van die kommunikasie in Godsdiensonderrig gegee word. Die inhoud is in die Bybel breedvoerig gegee, maar juis in die breedvoerigheid is die probleem geleë, want uit die groot massa feite moet die kern geselekteer word. Daar moet dus deeglik oor die inhoud wat aangebied moet word, die ordening daarvan en die aanpassing daarvan by die peil van die leerlinge besin word.

Die doel van kommunikasie in Godsdiensonderrig is in die eerste plek om tot die kind te kan deurdring. Baie aandag moet dus aan die kind bestee word. Om in kommunikasie met die kind te kan tree, moet hy deeglik geken en verstaan word. As die onderwyser in Godsdiensonderrig die hedendaagse kind nie

begryp nie, sy probleme nie kan insien nie en sy idioom nie kan praat nie, sal die boodskap wat hy het, nie tuisgebring kan word nie (Heyns, 1969, p. 9).

Dit gaan hier nie om 'n psigologiese of empiriese studie van die kind nie. Ook nie om 'n studie van sy algemene liggaamlike, verstandelike, emosionele en godsdienstige ontwikkeling=stadiums nie. Dit gaan hier om 'n studie van die kind in die huidige tydvak en veral om daardie faktore in sy milieu wat vandag anders is en dus veroorsaak dat sy lewensuitkyk anders is as die van die kind uit vorige geslagte. Dit gaan nie oor die verkryging van die kennis as sodanig nie, maar wel oor die toepassing van hierdie kennis in die poging om die evangelie=boodskap tot die kind te laat spreek.

Niemand sal ontken nie dat vanweë die grootskaalse veranderinge wat in die huidige wêreld plaasgevind het, die omgewing en die horison van die hedendaagse kind ingrypend verander het. Die vele veranderinge in die milieu van die kind moet noodwendig 'n invloed op sy geestesgesteldheid, sy kennisvlak, sy belangstellingsveld en dus op sy hele aard uitoefen. Om die kind te verstaan, moet sy milieu geken word. 'n Studie van die huidige toestand in die wêreld en veral van daardie faktore wat 'n invloed op die kind uitoefen of kan uitoefen, is dus noodsaaklik.

Die belangrikste faktore wat meewerk om die milieu van die kind te verander, is die wetenskap en die tegniek. Dit stel die mens in 'n magtsposisie en gee aan hom 'n magtgevoel soos nog nooit tevore beleef is nie. Dit dra egter ook veel by om die mens sy eie onmag te laat beseef. Die mag en die onmag van die hedendaagse mens verdien dus heelwat aandag.

'n Kenmerk van die hedendaagse samelewing is die algemene sekularisasie daarvan. Alles word op die huidige lewe gerig en net dit wat nuttig is of gebruik kan word, word as belangrik beskou. Hierdie beskouing is egter nie nuut nie. Nadat Galileo die mane van Jupiter ontdek het, het 'n Aristoteliaanse professor gesê: "Jupiter se mane is vir die blote oog onsigbaar, en gevolglik kan hulle geen invloed op die aarde hê nie, en gevolglik sou hulle nutteloos wees, en gevolglik bestaan hulle nie." (Williams-Ellis, s.j. p. 143). Vandag geld hierdie houding nog, maar teenoor die metafisiese werklikheid. Omdat geestelike dinge nie met die sintuie waargeneem kan word nie, word die bestaan daarvan ontken. So word die bestaan van God ontken en kom die mens voor die probleem van sy herkoms, doel en bestemming te staan. Aan die huidige sekularisasie en sekularisme, en die invloed daarvan op die milieu en die lewensbeskouing van die kind, moet heelwat aandag gegee word.

Om met die kind in kommunikasie te kan kom, moet hy eksistensieel geken en aangespreek word, en die doel van hierdie gedeelte van die studie is om sy huidige milieu bloot te lê.

Vervolgens moet aandag aan die metode van oordrag gegee word. Hier moet gesoek word na die beste wyse om die evangelie aan die kind oor te dra. Aandag sal dus aan onderwysmetodes wat in 'n besondere mate vir kommunikasie in Godsdiensoonderrig geskik is, gegee moet word.

Die rol wat hulpmiddels, gewyde sang en meting in die kommunikasiegebeure vervul, moet ook nader beskou word terwyl aspekte soos die klasatmosfeer en dissipline nie buite rekeninge gelaat mag word nie.

Laastens moet die kerninhoud van die studie, soos dit geleidelik uitgekristalliseer het, in 'n slothoofstuk saamgevat word, terwyl studieverde wat blyk braak te lê en aandag verdien, aangestip moet word.